



ST. HILARION

21 OKTOBER

(c.291-371)

Hierdie dissipel van die heilige Antonius was die eerste om die Christelike kluisenaarslewe in Palestina te beoefen. Hy is naby Gaza gebore. Sy ouers was heidene en dit was tydens sy studies in Alexandrië dat hy Christen geword het. Hy gaan woon 'n ruk lank saam met St. Antonius in die woestyn, en keer daarna terug na Gaza, waar hy al sy besittings onder die armes verdeel het. Hy onttrek hom van die samelewing en gaan woon in Majoema, 'n dorre streek, waar hy 'n lewe van gebed en self-afsterwing gelei het. Gou het al hoe meer mense hom besoek om sy voorbidding te vra en tallose wonderwerke het op sy voorspraak plaasgevind. Later reis hy na Egipte, Sicilië, Libië en Siperus, waar hy sterf.